Julie - Augustus 2024

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 24, No. 4 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul & Aug 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Slagoffers van ons eie keuse

Daar sal van volgende maand af 'n verandering wees in die aantal die *Wêreld van Môre*-tydskrifte wat u per jaar ontvang. Laat ek verduidelik hoe ons by die *Wêreld van Môre*, slagoffers is van ons eie sukses.

Sukses beteken nie vir almal dieselfde nie. Vir baie mense beteken sukses om 'n gelukkige lewe te lei, 'n lewe met genoeg geld om die dinge te doen wat 'n mens graag wil doen. Vir sommige mense beteken dit 'n huwelik en kinders, wat meestal dan ook kleinkinders insluit. Vir ander mense beteken dit "om die korporatiewe leer te klim" of om beroemdheid te verwerf. In my boodskap verlede maand in die *Tomorrow's World*-artikel van Julie 2023, *"Where can we find true meaning"*, het ek die sin van die lewe bespreek. Watter groter sukses kan daar wees as om God se doel vir u bestaan te ontdek en te vervul?

Op 'n ander vlak moet ons vra wat beteken sukses vir die *Wêreld van Môre*. Vir die meeste ondernemings beteken dit hoe groot die winsgrens is – meer verkope beteken groter inkomste en dit beteken groter sukses. Hier by die *Wêreld van Môre* meet ons sukses op 'n ánder manier. Sukses vir ons is hoeveel tydskrifte ons kan weggee en ook hoeveel mense ons kan bereik met die waarheid van die Bybel – terloops, daardie waarheid, is nie wat die meeste mense dink nie. In breë trekke beteken sukses vir ons om die Werk te doen waarvoor God ons geroep het. Dit is om die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig en om die wêreld te waarsku oor wat sekerlik sal gebeur tensy daar 'n totale ommekeer is om 'n ander rigting in te slaan. Ons sien geen bewyse van daardie verandering nie.

**Toegewy aan die waarheid**

In ons hedendaagse samelewing word waarheid dikwels as veranderlik beskou. Ons hoor daar word gesê dat "jou waarheid nie mý waarheid is nie". Dit *is* waar dat almal se siening van waarheid nie dieselfde is nie. Waarheid is egter waarheid en dit word nie aan elke individu oorgelaat om dit te besluit nie. Ons bou nie brûe of vliegtuie op grond van iemand se *siening* van waarhede van ingenieurswese nie. Alhoewel daar verskillende ontwerpe is, is daar geen "veranderlikheid" in wat werk of wat nie werk nie, wanneer dit kom by ingenieurswese, wiskunde en 'n menigte ander onderwerpe.

Die probleem ontstaan wanneer menslike gedrag bespreek word. Dit is makliker om oor moraliteit te argumenteer as oor aërodinamika en mense hou baie daarvan om hulle eie menings van morele standaarde te opper. Indien ons die resultaat van blinde toeval deur evolusionêre prosesse is, dan kan enigiemand se idees dalk korrek wees. Selfs wanneer dit by menslike

gedrag kom, werk sommige dinge en ander werk nié.

'n Getroue, monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou werk byvoorbeeld baie, baie beter as die groot aantal "alternatiewe" reëlings wat vandag tussen paartjies oorweeg word. Die aktiviste, Marshall Kirk en Hunter Madsen was waarskynlik die mans wat grootliks daarvoor verantwoordelik was om mense te oortuig om homoseksualiteit in Amerika en die wêreld te aanvaar en hulle invloedryke werk, *After the Ball: How America Will Conquer Its Fear and Hatred of Gays in the 90's*, het 'n virtuele beskrywing vir die nuwe seksuele moraliteit van ons tyd verskaf. Hulle erken egter dat in heelwat van wat hulle waargeneem het in homoseksuele gedrag, problematies was. Hulle erken dat "verhoudings tussen gay mans gewoonlik nie baie lank hou nie ... Die romantiese verhouding van 'n man met 'n man is inherent minder stabiel as die verhouding tussen 'n man en 'n vrou. (Jammer as die waarheid seermaak.)" Hulle kom tot die gevolgtrekking dat, in vergelyking met heteroseksuele paartjies, "die ontrouheidsratio van 'getroude' gay mans – gegewe genoeg tyd – tans 100% is".

Al ons pogings om reg en verkeerd sélf te definieer, maak die lewe onvermydelik slegter vir die mensdom, nie beter nie.

God alleen kan reg en verkeerd definieer (Psalm 16:2). God alleen kan die einde van die begin af bepaal (Jesaja 46:10). God alleen sal heers

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Slagoffers van ons eie sukses**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Planeet Aarde – U erfenis** 3
*U erfenis – Jesus Christus sê dat die sagmoediges die aarde sal beërwe. Wat beteken dit vir diegene wat 'n verwagting het om na die hemel te gaan?*

**Die vangstrik van pornografie** 8
*Pornografie is besig om die wese van die Westerse wêreld te verrot – en nog meer. Daar is egter hoop vir u al is u daaraan verslaaf.*

**Kan u 'n vervalsing raaksien?** 11
*Baie mense word bedrieg deur vervalste geldnote en nóg meer mense word mislei deur vals Christelikheid. Kan u dit herken?*

**Sewe tekens van die eindtyd Antichris** 15
*Herkenning van die Antichris sal binnekort 'n saak van lewe of dood wees. Die meeste mense sal hom nie herken nie. U sal dit egter kan doen!*

**'n Les van my hond** 22

**Die werke van Sy hande: Die natuur se mikrovlieër** 24
*Wat het 'n klein ingewikkelde skepping van God in gemeen met SpaceX en sy massiewe Falcon 9-vuurpyl?*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Planeet Aarde – U erfenis

## Deur Richard F. Ames

*U erfenis – Jesus Christus sê dat die sagmoediges die aarde sal beërwe. Wat beteken dit vir diegene wat 'n verwagting het om na die hemel te gaan?*

Om 'n harp te bespeel, rond te luier in hemelse wolke en geluksalig te ontspan in 'n permanente toestand van aftrede – dit is hoe miljoene mense verwag om die ewigheid deur te bring nadat hulle gesterf het. Dit klink dalk vreedsaam, maar is dit wat die Bybel sê? Jesus Christus het 'n totaal ander toekomsplan vir Christene beloof. In die bekende Bergpredikasie het Hy verkondig: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (Matthéüs 5:5).

Beteken dit dat *u* die aarde sal beërwe? Wil u die beloning ontvang wat die Verlosser beloof het? Wat beteken dit in elk geval om "die aarde te beërwe"?

**Verward oor die toekoms**

'n *Pew Research*-meningsopname het in September 2021 bevind dat 73 persent van Amerikaners in die hemel glo en dat 62 persent in die hel glo. Ongeveer 'n kwart – 26 persent – het gesê dat hulle nie in die hemel óf hel glo nie, met ongeveer 7 persent wat beweer het dat hulle in 'n ander soort hiernamaals glo en 17 persent van die respondente glo nie in énige soort hiernamaals nie.

U mag dalk geskok wees om te besef dat die meeste mense wat in die hemel en die hel glo, nie verstaan wat een van daardie twee begrippe beteken nie – ook nie wat Jesus beloof het aan diegene wat in hierdie huidige tyd aan Hom getrou is nie. Is God se plan bloot dat 'n mens "na die hemel gaan" wanneer 'n mens sterf of sal 'n mens uit die dood opgewek word om 'n beloning te ontvang wat planeet Aarde insluit? Dit is nie iets wat Jesus weggesteek het nie. Hy het duidelik daaroor gepraat:

> "EN toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê: Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (Matthéüs 5:1-5).

Indien u daardie gedeelte noukeurig lees, sal u dalk besef dat terwyl Jesus die Koninkryk *van* die hemele aan Sy getroue volgelinge beloof het, Hy *nie* vir hulle 'n koninkryk *in* die hemel beloof nie. Hou hierdie voorbeeld in gedagte: Brittanje se monargie word die *House of Windsor* genoem. Dit is egter nie *net* in *Windsor* nie – dit heers oor 'n aantal nasies regoor die aarde. Net so strek die Koninkryk van die hemel, *vanaf* die hemel, maar oefen sy heerskappy op die aarde uit.

Soos ons inderdaad sal sien, wanneer Jesus Christus terugkom, sal Hy Jerusalem op die aarde, die hoofstad van Sy Koninkryk maak. Wanneer Hy terugkom, sal vandag se getroue Christene as hulle erfdeel 'n posisie van diens ontvang, wat in daardie Koninkryk onder Hom sal regeer. Hy sê vir ons: "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af" (Matthéüs 25:34).

**Koninkryk of ellende?**

Jesus het ons geleer om te bid: " … laat u Koninkryk kom" (Matthéüs 6:10). Hy het ons nie geleer om te bid: "Neem ons na U hemel nie". Waarom het ons Verlosser vir ons gesê om te bid dat God se Koninkryk op die aarde gevestig sal word? Omdat ons wêreld onder die sondes van die mensdom ly. Dink maar net aan die miljarde mense wat in die vorige eeu gesterf het as gevolg van oorlogvoering of volksmoord. Daar woed selfs nou meer as twee dosyn oorloë tussen nasies of volke regoor die wêreld. Met die ontwikkeling van kernwapens gedurende die vorige eeu, kan ons nie meer as vanselfsprekend aanvaar dat 'n streeksoorlog, streekgebonde sal bly nie – met geleide

missiele, ruimtekommunikasie, geleide lug tot grondbomme en met wêreldwye alliansies wat die verplasing van wapens beheer, kan twee oorlog-voerende Europese nasies die hele planeet in gevaar stel, soos ons tans sien in die wêreldwye kommer oor die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne.

Beteken dit dat ons wêreld reeds die "Groot Verdrukking" betree het wat Jesus Christus voorspel het? Het die vier perderuiters hulle geprofeteerde rit begin?

Nee, nog nie. Ons beweeg egter daarheen en dit is 'n onheilspellende rigting; Jesus waarsku: "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie" (Matthéüs 24:22).

Diegene wat die toename van vandag se streekkonflikte vrees, maak nie 'n fout nie. Huidige militêre tendense sal gevolglik ons planeet totaal uitwis. Jesus Christus sal egter op die aarde ingryp om 'n einde te maak aan die mensdom se oorloë en strydlustigheid voordat ons onsself vernietig.

Ver verwyderd van die idee van die hiernamaals as 'n ewige aftrede in 'n idilliese hemel, sal Christene in plaas daarvan 'n werk hê om te doen. In Sy koninkryk sal Jesus Christus vandag se Christene "konings en priesters vir onse God [ge]maak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:10).

Ja, onder Christus se regverdige leierskap sal vandag se getroue Christene onder hulle Verlosser regeer en die wêreld die *regte* lewenswyse leer. Al die nasies van planeet Aarde sal na Jerusalem kom om die weg van vrede te leer. Die Skrif maak dit duidelik dat die hele aarde sal leer om dieselfde Bybelse Feeste te onderhou wat Jesus en die Apostels onderhou het en dit sal gebeur dat "almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (Sagaría 14:16).

Ja, elke nasie op aarde sal die Koning aanbid. Wanneer sal dit egter plaasvind en wanneer sal getroue Christene die Koninkryk beërwe? Die groot opstanding van getroue Christene sal by Christus se Wederkoms plaasvind:

> "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thessalonicense 4:16-17).

**Voorbereiding vir God se Koninkryk**

Christene berei vandag voor vir hulle toekomstige dienslewering. Jesus het onderrig dat die belangrikste doelwit van 'n Christen is om eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid te soek (Matthéüs 6:33). Daardie soektog sal lei tot 'n posisie van diens in die Koninkryk van God, wanneer die opgestane Christene hulle Verlosser sal help om geregtigheid aan die mense van die planeet Aarde te bring.

Ja, die sagmoediges sal die aarde beërwe soos Jesus Christus gesê het. Hy sal alle nasies regeer as Koning van die konings en Here van die here. Getroue Christene sal Hom bystaan om oor die nasies te heers. My vriende, God roep baie individue om Hom en Sy werk te dien en om voor te berei om in Sy komende Koninkryk te dien as konings en priesters. "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6). Daardie duisend jaar word dikwels "die Millennium" genoem – die eerste duisend jaar van Christus se komende ewige heerskappy.

'n Koninkryk het 'n heerser, 'n grondgebied, onderdane en wette. Die Heerser van die Koninkryk van God op aarde sal Jesus Christus as Koning van die konings wees en vandag se ware Christene sal opgewek word om Hom as konings en priesters by te staan. Oor watter gebied sal die Koninkryk dus heers? *Die aarde*, waar Jesus Christus vanuit *Jerusalem* sal regeer. Ons lees: "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die Heilige Berg" (Sagaría 8:3).

Trouens, die stad sal 'n ander naam hê. Heel aan die

einde van die boek Eségiël lees ons dat " ... die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!" (Eségiël 48:35). Daardie naam van die stad in Hebreeus is *Yahweh Shâm*. Wanneer Christus terugkeer om die Koninkryk van God te vestig, sal sy grondgebied planeet Aarde wees. Wie sal die onderdane van daardie Koninkryk wees? *Al die nasies* van planeet Aarde. Ons lees: "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaría 14:9).

**Regeer deur God se Wet**

Die onderdane wat onder Christus se heerskappy leef, sal fisiese mense wees – mense wat gedurende die Millennium op planeet Aarde woon en hulle sal deur God se Wet beheer word.

> "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:2-3).

Hoe skokkend is dit dat so baie hedendaagse mense wat hulleself Christene noem, die waarheid van God se Wet verwerp – die ware Wet wat vrede na ons wêreld sal bring onder Christus se heerskappy. Hierdie Wet is ver verhewe bo die mensdom se dikwels teenstrydige en onregverdige wette. Jesus het ons geleer om die Tien Gebooie te onderhou – onthou dat Hy gesê het: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matthéüs 19:17). Hy het toe verskeie van die Tien Gebooie opgenoem. Hy het ook die Gebooie in die Bergpredikasie uitgebrei en dit meer bindend gemaak, soos toe Hy verduidelik het dat om met wellus na 'n persoon te kyk, is om die sonde van egbreuk te pleeg (Matthéüs 5:27-28).

Dit sal egter nie 'n wrede en onderdrukkende Regering wees nie; dit sal vrede en vreugde bring vir al die bewoners van die aarde wanneer hulle hul Koning gehoorsaam. Ons lees: "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4).

Hierdie is die Evangelie – die goeie nuus van die Koninkryk van God. Hoeveel belydende Christene verstaan dit regtig? Miljoene mense glo dat hulle na die plek van hulle beloning sal gaan wanneer hulle sterf. Is dit egter die waarheid?

**Kan 'n siel sterf?**

Die apostel Paulus maak 'n stelling wat algemeen bekend is, maar nie so algemeen verstaan word nie. Hy skryf: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Let wel dat die Skrif *nie* sê: "Die loon van sonde is 'n onsterflike lewe in die helse vuur" nie. Die gevolg van sonde is nie onsterflike lewe nie; dit is die dood – die *afwesigheid* van lewe. Indien mense reeds onsterflike siele gehad het, sou hulle nie, soos die vers sê, die ewige lewe as geskenk nodig gehad het nie.

Ja, 'n siel *kan* sterf. " ... die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eségiël 18:4). Die Hebreeuse woord vir siel hier is *nephesh*, wat fisiese of natuurlike lewe beteken – dieselfde woord wat as "wesens" vertaal is en dierelewe beskryf in Génesis 1:21. Jesus het dieselfde in die Nuwe Testament onderrig en Sy volgelinge gewaarsku: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" (Matthéüs 10:28). Daardie "hel" is die Griekse woord *gehenna*, wat die brandende vullisputte buite Jerusalem voorstel waar vullis vernietig en tot as verbrand is – nie vir ewig aan die brand gehou is nie. Vir meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp, kan u ons aanlyn besoek by *wvm.co.za* om ons Januarie-Februarie 2024-artikel *"Gaan u na die hel?"* te lees.

Natuurlik onderrig die Bybel dat daar 'n menslike gees is – die gees in die mens word byvoorbeeld in 1 Korinthiërs 2:11 genoem. Dit is egter nie 'n onsterflike siel nie. Daar is baie ander skrifture om te demonstreer dat mense nie onsterflike siele het nie. God het die profeet Eségiël geïnspireer om te sê: " ... die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eségiël 18:4).

Dit is waarom die opstanding uit die dood so belangrik is. U Bybel openbaar drie algemene

opstandings uit die dood. Die eerste opstanding word hoofsaaklik in twee hoofstukke van u Bybel beskryf: 1 Korinthiërs 15 en 1 Thessalonicense 4. Vandag se getroue Christene sal hulle erfdeel by daardie eerste opstanding ontvang.

Wat doen afgestorwe Christene dus nou? Is hulle wakker in 'n liggaamlose toestand en wag hulle op hulle erfporsie? Wat van die miljarde mense wat deur die eeue vanaf Adam en Eva tot vandag gesterf het? Is hulle nou liggaamlose geeste wat wag om te hoor wat hulle ewige lot gaan wees of brand afgestorwe nie-Christene reeds in pyniging?

Die waarheid is dat *diegene wat gesterf het, eenvoudig dood* is. Die Skrif verduidelik dat "die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Omdat hulle niks weet nie, is dit asof hulle slaap. Hulle volgende oomblik van bewustheid sal kom wanneer hulle opgewek word. Om meer te wete te kom oor hierdie opstanding tot "ewige lewe" (Johannes 3:16), kan u ons Junie 2023-artikel *"Vier verborge waarhede van Johannes 3:16"* lees.

**Die res van die afgestorwenes?**

Die apostel Johannes het die eerste twee algemene opstandings beskryf:

> "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie" (Openbaring 20:4-5).

Wie is die "ander dode"? Dit is menslike wesens van ons huidige tyd van mense-heerskappy wat dood sal bly ten tye van die eerste opstanding, maar wat duisend jaar later opgewek sal word. Hier sien ons dat die "ander dode" die miljarde mense is wat gesterf het sonder dat hulle verstand geopen is vir ware Christenskap. Hulle sal *na* die Millennium opgewek word tydens wat bekend is as die Wit Troon Oordeel – 'n toekomstige fisiese leeftyd waarin hulle hul eerste geleentheid sal kry om Jesus Christus se leerstellings te aanvaar en te leer om Sy lewensweg te volg. Hulle sal onderrig word deur die opgestane eerstelinge onder die leiding van Jesus Christus. Teen daardie tyd sou hulle duisend jaar se ondervinding hê van wat dit beteken om saam met Christus te leef en te regeer, soos ons in Openbaring 20:4-5 lees. Die Skrif beskryf hierdie opstanding tot fisiese lewe:

> "En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:11-12).

Die Griekse woord wat hier met "boeke" vertaal is, is *biblion*. Die goeie nuus is dat die boeke oftewel die Bybel – die Heilige Skrif – vir die eerste keer oopgemaak sal word vir die begrip van die massas mense. Die boek van die lewe sal uiteindelik oopgemaak word vir diegene wat in die Wit Troon Oordeel opgewek word, soos ons in Openbaring 20:12 lees. Dit sal hulle eerste geleentheid wees om die waarheid te leer. Dit is nie 'n "tweede kans" soos sommige kritici dit noem nie – alle mense sal verantwoordelik gehou word vir hulle dade en gedagtes. Dit sal egter die *eerste* keer wees dat baie van hulle van hulle sondes *bewus* gemaak word. Hulle sal die geleentheid hê om hulle van daardie sondes te bekeer en Jesus Christus as hulle Verlosser te aanvaar.

Almal wat dood is, sal in een van die drie opstandings opgewek word. Indien u werklik in hierdie huidige tyd aan Jesus Christus behoort sal u in die eerste opstanding wees. Dit word "'n beter opstanding" genoem (Hebreërs 11:35), want dit is 'n opstanding tot die ewige lewe – tot onsterflikheid.

Diegene wat in die eerste opstanding is, sal die Bruid van Christus word. Die gelykenis van die tien maagde in Matthéüs 25 waarsku ons om gereed te wees vir Christus se Wederkoms en die bruilof van die Lam, wanneer

vandag se getroue Christene vir ewig met Hom verenig sal word. "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak" (Openbaring 19:7).

Almal wat in hierdie huidige tyd as ware Christene gesterf het, sal in die Eerste Opstanding wees wanneer Christus terugkeer om die Koninkryk van God te vestig. Hulle sal Hom bystaan om in daardie Koninkryk te regeer gedurende die Millennium, wanneer die mense wat deur die naderende eindtyd leef en in daardie nuwe era bly leef, God se welwillende heerskappy sal ervaar.

Tydens die Wit Troon Oordeel sal die res van die mensdom – diegene wat nie in hierdie huidige tyd geroep is nie – opgewek word tot 'n fisiese lewe, waartydens hulle hul eerste geleentheid sal hê om van die ware Evangelie te hoor en om volgens God se manier te leef. Hulle verstand sal geopen word vir die Bybel en die ontsagwekkende werklikheid van God se Waarheid.

Nadat almal wat nog ooit geleef het 'n ware geleentheid vir redding ontvang het, sal diegene wat gesterf het nadat hulle wetend en permanent hulle geleentheid om op God se manier te leef, verwerp het, opgewek word en sal dan saam met die onboetvaardiges wat nog leef, in die poel van vuur gegooi word. Hulle sal vir ewig verbrand word en sal nooit weer bestaan nie. Dit is die derde opstanding.

**'n Nuwe hemel en aarde**

Ná die Millennium, die Wit Troon Oordeel en die poel van vuur, sal God die hemel en die aarde na 'n heerlike nuwe stadium bring en alles wat vooraf gebeur het, was ter voorbereiding hiervoor. Ons lees van hierdie wonderlike plan:

> "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:1-4).

Teen hierdie tyd sal alle mense 'n geleentheid gehad het om die Evangelie van Jesus Christus te hoor en daarop te reageer. Die eerste stap sal wees om die aarde te beërwe: Ons lees: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openbaring 21:7). Ja, vir daardie mense wat Jesus Christus as hulle Verlosser aanneem en wat leer om volgens Sy weë te leef, sal daar 'n tyd kom wanneer hulle nie net hulle aardse erfenis sal ontvang nie, maar "alles beërwe" – die groot heelal.

Tot dan sal die eerstelinge 'n werk hê om te doen, soos ons in hierdie artikel gesien het. Ja, hulle sal bo die planeet Aarde uitstyg met die eerste opstanding, wanneer Christus hulle na die groot bruilof voor God se troon in die hemel neem (Openbaring 15:1-2 en 19:9). In teensteling met dit wat so baie belydende Christene verwag, sal die opgestane heiliges nie net in die hemel *bly*, weggevoer in 'n beswyming van die sogenaamde "geluksalige visioen" nie. Nadat God die sewe laaste plae op die aarde uitgestort het, sal hulle op wit perde saam met Jesus Christus terugkeer om die nasies te oorwin en Sy Koninkryk op die aarde te vestig (Openbaring 19:14).

Liewe Leser, u Vader in die hemel het u lief en wil hê dat u deel moet wees van Sy Gesin – om verlossing te ontvang, die aarde en alle dinge te beërwe. Sal u op Sy oproep reageer? WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Die vangstrik van pornografie

**Deur Rod McNair**

Dit kan so "onskuldig" begin. Net 'n terloopse kykie, – 'n oomblik van opwinding. Dan nog 'n slag kyk. 'n Oomblik van nuuskierigheid verander in 'n fassinering. Dit trek 'n mens in, totdat 'n mens in dryfsand van skaamte en skuldgevoelens wegsink. Een keer word twee keer, dan drie keer. Een minuut word 'n uur. 'n Kortstondige afleiding word 'n gewoonte wat oor maande en jare herhaal word.

Dit is die valstrik van pornografie, wat niks minder as 'n verslawende dwelm is nie. Elke maand besoek 70 persent van mans tussen die ouderdomme van 18-34 webwerwe wat slegs pornografie vertoon. Hierdie webwerwe maak 12 persent van die Internet sélf uit. Dit is nie 'n probleem nét vir mans nie – ongeveer 17 persent van vroue is verslaaf aan pornografie. 90 persent van kinders tussen die ouderdomme van 8-16 het al 'n paar keer daarna gekyk – trouens, seuns van 12-17 jaar is die mees gereelde verbruikers van pornografie. Tydens elke *sekonde* wat verbygaan, kyk 30,000 mense pornografie en ongeveer $185,000 word elke minuut aan pornografie spandeer wat beteken dat minstens $10 *miljard* elke jaar aan pornografie bestee word (*"Revealing Statistics Re: Pornography Addiction," FHE Health*, 15 Januarie 2023).

Wat gaan aan? Is daar hoop vir die miljoene mense wat deur 'n leefstyl van wellus verswelg word?

**Die stille oorname**

Pornografie is al met alle reg genoem "*The Public Health Crisis of the Digital Age*" (*Psychology Today*, 15 April 2021), want dit affekteer die brein op presies dieselfde manier as wat onwettige dwelms doen. Wanneer 'n persoon pornografiese materiaal sien, word die brein oormatig gestimuleer met chemikalieë wat plesier verskaf soos dopamien, serotonien, oksitosien en epinefrien. Die brein herbedraad homself om die ekstra chemikalieë te akkommodeer. Dit bou eers 'n verdraagsaamheid op en dan 'n afhanklikheid daarvan. Eers wil dit net die "goedvoel chemikalieë" hê en dan word 'n punt bereik waar die brein dit "nodig" het. Pornografie is 'n dwelmepidemie en dit het die wêreld deur 'n stille storm getref.

Duisende verkopers van dwelmmiddels maak onbeskaamd wins uit hulle slagoffers – net soos met enige ander verslawing. Met die doel om hulle multi-miljard-dollarindustrie te beskerm, beveg dwelmhandelaars van hierdie perverse keuse van "selfuitdrukking", onbeskaamd pogings om onwettige materiaal aan bande te lê – dit maak nie saak hoe vulgêr of vernederend dit mag wees nie. Die media beeld dit uit as onskadelike pret. Sommige misleide beraders moedig selfs paartjies aan om pornografie te kyk om huweliksprobleme op te los – 'n tragies afbrekende fout.

Sommige mense sal redeneer dat dit nie 'n groot probleem is om na 'n paar erotiese beelde te kyk nie – 'n "slagofferlose misdaad". Daar is ook van die mense – meestal vroue – wat hulleself verkoop en selfs verkoop wórd om die pornografiebedryf aan die gang te hou? Wat van die verslaafdes self? Is hulle werklik tevrede met 'n gewoonte wat hulle vasvang in 'n siklus van onbeheerste wellus, wat gevolg word deur 'n afwaartse spiraal van selfveragting?

Al hoe meer navorsing toon die verwoestende uitwerking wat pornografie op diegene het wat in sy kloue beland. Dit verhoog die kans op ernstige kliniese depressie, gevoelens van eensaamheid, probleme om verhoudings aan te knoop en vol te hou, verlies van werk, finansiële probleme, huweliksontrou en egskeiding. Dalk is die mees verrassende effek van pornografie dat dit veroorsaak dat baie verslaafdes hulle vermoë verloor om ware seksuele intimiteit te geniet of selfs betrokke daarby te raak. Dit is ook nie al nie – soos die anti-pornografie-organisasie *Fight the New Drug* beskryf:

> [Een] studie het bevind dat gereelde pornografiese verbruik aansienlik verband hou met 'n hoër voorkoms van depressie, angs en spanning sowel as swakker sosiale funksionering. In nog 'n studie het

navorsers aan die Columbia Universiteit, Yale Universiteit en *UCLA* (Universiteit van Kalifornië, Los Angeles) 'n verband gevind tussen kompulsiewe pornografieverbruik en swakker geestesgesondheid, lae selfbeeld en swak gehegtheid in verhoudings (*"5 Ways a Porn Habit Can Harm Your Mental Health*," 29 Mei 2023).

Wat is dan die oplossing?

**Antieke raad**

Duisende jare gelede het die aartsvader Job geskryf dat hy baie versigtig was oor waar hy sy oë toelaat om rond te dwaal: "EK het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?" (Job 31:1). Spreuke 6:23-25 gaan voort en sê: "Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysinge van die tug 'n weg tot die lewe, om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gevlei van 'n vreemde tong. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie". Die apostel Johannes herhaal dieselfde waarskuwing: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld" (1 Johannes 2:15-17). Seksuele wellus en hebsug is glad nie iets nuuts nie, maar 'n baie ou versoeking. "Want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het" (Spreuke 7:26).

Die apostel Jakobus verduidelik hoe versoeking plaasvind en waarheen dit lei: "Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word" (Jakobus 1:14). Die volgende vers sê dat wellus lei tot sonde en sonde lei tot die dood (Jakobus 1:15). Watter tipe dood veroorsaak pornografie as dit nooit oorwin word nie? Dit lei tot die dood van jou karakter en selfbeeld, die dood van vertroue en integriteit, die dood van waardigheid en selfvertroue en die dood van die genieting van gesonde verhoudings. Uiteindelik ook die dood in die poel van vuur. "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood (Openbaring 21:8). God wil nie hê dat enigiemand moet sterf nie, maar homself eerder bekeer en leef. "So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë!" (Eségiël 33:11). God haat pornografie omdat dit die lewens van Sy kinders wat Hy in Sy Koninkryk wil hê, vernietig.

Indien u aan pornografie verslaaf is maar wil verander, is daar goeie nuus – u *kan* verander. Eérs moet u egter verstaan dat u 'n magtige vyand het – Satan, die duiwel, wat nie wil hê dat u verander nie. Hy "verlei die hele wêreld" en mislei mense om te sondig (Openbaring 12:9). Die apostel Petrus waarsku ons om bewus te wees van Satan se aanvalle. Hy sê: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is" (1 Petrus 5:8-9).

Satan slaan munt uit skaamte. Hy wil hê dat verslaafdes oorweldig sal voel. Indien u aan pornografie verslaaf is, wil Satan hê dat u voel dat u die enigste een is wat met so 'n probleem worstel. Hy wil hê u moet alleen, geïsoleer en onwaardig voel vir God se vergifnis.

*Niks kan egter verder van die waarheid wees nie*. Die apostel Paulus skryf: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. DAAROM, my geliefdes, vlug vir die afgodediens" (1 Korinthiërs 10:13-14).

God wil hê dat ons vry sal wees. Jesus het gesê: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32). Hy gaan voort: "Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is" (vers 34). Paulus het dieselfde onderrig: "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot

beskik-king stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoor-saamheid tot geregtigheid?" (Romeine 6:16). God wil hê dat ons vry is van die kettings van sonde en "so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking" (vers 19) en Hy sê verder: "Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe" (vers 22).

***U kan* gereinig word**

Indien u aan seksuele wellus verslaaf is, maar bevry wil wees, wend u tot God met u hele hart – met alles waartoe u in staat is. Hy haat pornografie, maar Hy haat u *nie*. Onderwerp u aan Hom in elke gebied van u lewe. Dit alles behoort in elk geval aan Hom, want Hy het u *gemaak*. Verootmoedig uself voor die ewiglewende God. Jakobus skryf: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog" (Jakobus 4:7-10).

Vra God om hulp met bekering en om 'n werklike verhouding met Jesus Christus te hê. U Verlosser het die versoekings van die vlees ervaar, tog Hy het nooit gesondig nie (Hebreërs 4:15). Hy het versoeking oorwin en Hy kan u deur Sy Gees krag gee, om te oorwin. "Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word" (Hebreërs 2:18). Met ander woorde, daar *is* hoop om te kan oorwin.

Indien u regtig die verslawing wil oorwin, sal dit nodig wees om 'n paar konkrete veranderings in u lewe te maak. U sal situasies moet vermy waar u in 'n posisie geplaas kan word om 'n kompromie aan te gaan (Spreuke 7:25). Wanneer vriende veroorsaak dat u weer in u ou gewoontes verval, is dit tyd om nuwe vriende te vind (Spreuke 1:10). U ou kennisse is dalk nie vreeslik beïndruk oor u nuwe standaarde nie (1 Petrus 4:4) – maar vryheid van verslawing en die prys van die ewige lewe is die opoffering werd.

God raai ons nie net aan om onsedelike gedrag te weerstaan nie – Hy beveel aan dat ons ver daarvan af wegvlug (1 Korinthiërs 6:18). Leer watter faktore aanleiding gee tot verslawing. Wanneer val u in die versoeking? Wanneer u spanning ervaar? Dalk wanneer u depressief voel of verveeld is? Dalk het u nie gebid of Bybelstudie gedoen nie en u voel nie naby aan God nie? Deur uself te ken en die patrone van u gedrag te ontleed, kan u beter toegerus wees om te weet wanneer u in gevaar verkeer en kan dan stappe neem om te verhoed dat u terugval. Vir die porno-verslaafde kan daardie stappe waarskynlik wees om gebruik te maak van Internetfilters en verantwoordelike ondersteuners – vertrouelinge wat bewus is van u probleem – mense wat u kan vertrou en wat van tyd tot tyd na u kan omsien. *Dit is die moeite werd.*

**Wees gevul met God se Gees**

Die uiteindelike oplossing aan verslawing is meer geestelike diepte en doel – 'n inniger verhouding met God. Ons het God se hulp nodig om werklik magte so kragtig soos verslawings te oorkom. Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galásiërs 2:20).

Pornografie is nie 'n onoorkomelike vyand nie. Oorwinning vereis egter toewyding aan uself en u verhoudings. Die skrywer Matt Fradd sê in sy boek *The Porn Myth*: *Exposing the Reality Behind the Fantasy of Pornography*: "Ons staan teen pornografie sodat ons ook vir die waardigheid van die mens as 'n persoon kan staan. Elke keer wanneer ons 'n ander mens vir kunstige doeleindes of vermaak in beeld vaslê – behoort die vertoon van daardie beeld ander mense te lei om die misterie en die diepte van die mensdom te vier – nie hulle aan te moedig om die persoon as 'n goedkoop samestelling van liggaamsdele te behandel nie".

Die Christen se lewe is 'n stryd tot aan die einde. "Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe ... " (1 Timótheüs 6:11-12). Wanneer u sukkel, moenie moed verloor nie. Jesus Christus wat in u woon, kan u gedagtes verander. Hy *kan* u lewe verander – u moet egter die keuse maak. WvM

# Kan u 'n vervalsing raaksien?

## Deur Wallace G. Smith

Warner Brothers het besluit om sy gewilde *Matrix-franchise* te laat herleef deur *The Matrix Resurrections* in 2021 vry te stel. Baie mense was opgewonde daaroor. Die oorspronklike trilogie wat in 1999 met *The Matrix* begin het, het die verbeelding van miljoene mense aangewakker met die futuristiese uitbeelding van hoofsaaklik passiewe mensdom wat vasgevang is deur oorheersende robotte in 'n nagebootsde "vervalste" werklikheid, onbewus van hulle gevangenskap.

In 2003 het *The Matrix Reloaded* en *The Matrix Revolutions* die verhaal voortgesit van onderdrukte mense wat losbreek van hulle illusies en veg vir hulle vryheid in die regte wêreld. Die rolprent kritici was nie so beïndruk deur die opvolgreekse nie, alhoewel hulle baanbrekende visuele effekte wat ongelukkig ontsier was deur oormatige sinlose geweld – steeds is rolprentgangers se verbeelding aangegryp en hulle beursies is beroof.

Twee dekades later het *The Matrix*: *Resurrections* nie heeltemal so goed gevaar nie. Alhoewel die $427 miljoen wêreldwye loketverdienste geensins 'n "flater" was gedurende 'n tydperk van baie verminderde rolprentbywoning sedert COVID-19 nie, het die hoogsverwagte nuwe paaiement $40 miljoen minder as die oorspronklike rolprent verdien – sonder om inflasie in ag te neem. Die middelmatige 63 persent gradering op die gewilde *RottenTomatoes.com "Tomatometer"* het maar power vergelyk teenoor die eerste film se 88 persent. Dit het eenvoudig nie die publiek se verbeelding aangegryp soos sy voorgangers van 20 jaar tevore nie.

**Wat het verander? Wat het nie verander nie?**

In die 20 jaar sedert die oorspronklike *Matrix*-trilogie vrygestel is, het baie rolprentgangers dit moontlik begin oorweeg dat die eens revolusionêre uitgangspunt byna onbelangrik is. In ons hedendaagse wêreld van Kunsmatige Intelligensie-gegenereerde oudiovisuele materiaal is dit nie meer so skokkend om te dink dat baie of alles wat u weet, sien en ervaar, in werklikheid 'n bedrieglike vervalsing is nie – 'n leuen wat ontwerp is om u daarvan te weerhou om die waarheid te weet.

Dit is nietemin 'n kragtige idee. Volgens u Bybel is dit *baie nader aan die waarheid* as wat byna enigiemand vandag werklik besef.

Die meeste mense van vandag – ook baie van u wat hierdie tydskrif lees – leef inderdaad net soos die menslike slagoffers van die masjiene in die *Matrix*-rolprente in 'n wêreld van vervalste *godsdiens*, wat ontwerp is om u denke gevange te hou en om u te verhoed om die waarheid te herken wat u sou vrymaak indien u naby Jesus Christus se Woord sou bly. Ons lees: "En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het gesê: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:31-32).

Ja, om vry te word – om van die vervalste werklikheid te ontsnap wat geskep is as 'n tronk vir ons verstand en om 'n weg na die waarheid van God te vind – vereis dat ons in Christus se Woord bly en om bereid te wees om 'n paar baie moeilike en ongemaklike vrae te vra.

Ons moet bereid wees om ons eie oortuigings te ondersoek en om onsself af te vra of dít wat ons glo – met inbegrip van oortuigings wat ons lank reeds as vanselfsprekend aanvaar het – in werklikheid wáár is. Eerlikwaar, die meeste mense sal dit liewer nie doen nie. Die meeste mense gaan deur die lewe sonder enige nadenke of ondersoek. Die meeste mense oor die algemeen is deesdae van hulle politieke sienings tot hulle standpunte oor die kwessies van die dag, meer geïnteresseerd in argumente. Die meeste mense wil eerder bewys dat hulle reg en hulle opposisie verkeerd is, in plaas daarvan om eerder hulle oortuigings te *ondersoek* om te sien of wat hulle glo ooreenstem met wat waar is.

**Godsdienstige Illusies?**

'n Gebrek aan innerlike waarneming en selfondersoek brei ook uit na ons godsdienstige idees. Hoeveel mense ondersoek hulle oortuigings oor God

"*eerlik*"? Hoeveel mense ondersoek werklik hulle idees oor die sin van die lewe, oor reg en verkeerd en oor goed en kwaad? Hoe dikwels gaan mense bloot net voort in die godsdienstige gebruike en praktyke wat hulle as kinders geleer is, sonder om seker te maak dat die god wat hulle aanbid die *ware* God is? Hoeveel mense aanvaar die geloofs-oortuigings en praktyke wat deesdae deur die baie en verskillende geestelike leiers verkondig word, sonder om die akkuraatheid daarvan te evalueer?

Die apostel Paulus, wat aan Christene geskryf het wat net 'n paar dekades na Christus se opstanding geleef het, moes hulle aanspoor om so 'n ondersoek te doen. Hy het geskryf: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai" (Galásiërs 1:6-7).

Paulus het gesien dat 'n ander evangelie begin posvat in die Christelike Kerk – 'n *ander* evangelie as die ware Evangelie van Jesus Christus. Let op sy besorgdheid: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aange-neem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Korinthiërs 11:3-4).

Paulus was in 'n stryd gewikkel teen die verspreiding van 'n lering wat 'n verskillende evangelie, 'n verskillende gees en 'n *verskillende Jesus* verkondig het. Alhoewel die leringe en gewoontes daarvan baie soortgelyk aan die *ware* Evangelie van Jesus Christus geklink het, *was dit 'n vervalsing*. Terwyl dit bedrieglik *dieselfde* was, was dit nie die waarheid nie.

Die Bybel beskryf 'n stryd om die suiwerheid van die Christelike geloof te handhaaf – 'n stryd wat net 'n paar jaar begin het nadat Christus Sy Kerk gestig het. Ons sien selfs in die voorlaaste boek van die Bybel hoe hierdie stryd voortduur:

> "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus ver-loën" (Judas 3-4).

**Wie is die vervalser?**

Wie was egter die uiteindelike bron van die vervalste "Christelikheid" wat die jong Kerk met korrupsie besmet het? Paulus het verduidelik: "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig" (2 Korinthiërs 11:13-14).

Satan die duiwel, was die bron van verwarring en korrupsie in die vroeë Kerk. Paulus noem hom "die god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:4). Dit is hy wat die jong Kerk in die eerste eeu geïnfiltreer het, die liggelowiges mislei het en 'n nagemaakte evangelie, 'n vervalste geloof en 'n vervalste Christus opgedis het.

Hoe het hierdie stryd in die eerste eeu uitgedraai? Hier is ons, twintig eeue later – alles het sekerlik goed afgeloop, nie waar nie of het dit regtig? Ons weet dat Jesus Christus beloof het dat Hy Sy Kerk sou bou en dat die poorte van die doderyk, dit *nooit* sou oorweldig nie (Matthéüs 16:18). Alhoewel dit grootliks vervolg, beswadder en misverstaan sou word, sal die Kerk wat Jesus Christus gestig het om "die hele raad van God te verkondig" (Handelings 20:27) nooit van die aarde af sal verdwyn nie en daar is geprofeteer dat Sy Kerk teenwoor-dig sal wees tydens die hoogte-punt van Sy Wederkoms.

Wat sien ons dan vandag? 'n Verstommende verskeidenheid geloofsoortuigings en praktyke wat aanspraak maak op die naam "Christen", maar dit kan nie almal waar wees nie. Die boek Openbaring beskryf hoe ons wêreld sal wees in die dae net voor die Wederkoms van Jesus Christus. Johannes het geskryf: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan,

wat die hele wêreld verlei" (Openbaring 12:9).

Ja, Satan mislei die *hele wêreld*. Sy vervalsing het *nooit opgehou nie*. Hy het nie opgegee in sy poging om 'n valse Christelikheid, 'n valse evangelie en 'n valse Christus te versprei nie. Hy doen hom *steeds* voor as 'n engel van die lig, hy is *steeds* die god van hierdie wêreld en hy is *steeds* die vader van leuens.

Dink oor hierdie profesie van die eindtyd – ons tyd: "En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak" (Openbaring 13:11). Hier in hierdie beskrywing van 'n groot valse profeet, die komende Antichris wat binnekort aan die hele wêreld geopenbaar sal word, sien ons dat hy *soos 'n lam lyk*. Baie mense sal wel aanneem dat hy Christus verteenwoordig. Diegene wat onderskeidingsvermoë het, sal egter besef dat hy nie soos die Lam *klink* nie – hy praat eerder soos 'n draak, soos daardie slang van ouds wie Satan die duiwel is, wat sy vervalste godsdiens versprei om die hele wêreld te mislei.

**Vervalste Christelikheid?**

Ons het in die Skrif gesien dat Satan al vir millennia lank kragtig aan die werk was om die wêreld te mislei. Ons sien ook dat die wêreld in die eindtyd onder sy invloed sal wees. Kom ons kyk dus na 'n moeilike vraag wat min mense die moed sal hê om eerlik te beantwoord: Verteenwoordig deesdae se hedendaagse "hoofstroom Christendom" die ware Christenskap van Jesus Christus of die vervalsing wat deur Satan aangebied word?

Baie geskiedkundiges en geleerdes het reeds hierdie vraag in oorweging geneem. Let op hierdie opmerking van die Protestantse geleerde Jesse Lyman Hurlbut: "Vir vyftig jaar ná die apostel Paulus se lewe hang 'n gordyn oor die Kerk se geskiedenis, waardeur ons tevergeefs probeer om te kyk; en wanneer dit uiteindelik geopenbaar word, ongeveer 120 n.C. met die geskrifte van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in baie opsigte heeltemal verskil van dié in die dae van die apostel Petrus en die apostel Paulus" (*The Story of the Christian Church*, 1933, bl. 41).

Hurlbut is *geensins* alleen in sy beoordeling nie. Kan dit werklik waar wees dat die *vervalste* Christelikheid wat die vroeë Kerk soos 'n virus in die *eerste* eeu binnegedring het, *steeds* in die *een-en-twintigste* eeu *teenwoordig* kan wees? Christus noem sy ware volgelinge 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32). Is dit moontlik dat die vervalsing in werklikheid die *oorheersende* vorm kan wees van wat die meeste mense vandag "Christelikheid" noem?

Indien wel só, *hoe sal ons weet*? Hoe kan ons bepaal of die geloof wat ons volg die waarheid of die vervalsing is?

In ons poging om 'n vervalste geloof te identifiseer, kan ons 'n wenk neem van die Verenigde State se Departement van Tesourie in hulle stryd teen vervalste geld. Een van die doeltreffendste maniere om 'n namaaksel te herken, is om heeltemal en volkome vertroud te wees met die *ware Jakob*. Wanneer u waarlik bewus is van hoe 'n regte R200-noot tussen u vingers voel – die ingewik-kelde fynste besonderhede in sy kunswerk, die gewig van die papier in u hande, die manier waarop dit reageer wanneer dit gevou word, die manier waarop ink in die papier invloei, die klein vesels wat in die produk ingevoeg is – kan u maklik agterkom wanneer 'n vervalsing aan u oorhandig word. Wanneer u die "ware Jakob" ken, staan die subtiele verskille in die vervalsing vir u uit soos die verskil tussen nag en dag, selfs al sou ander mense wat minder bekend is daarmee, dit nie eers agterkom nie.

Mense probeer nogtans steeds om vervalste geldeenhede te druk en te versprei. In Mei 2023 het die V.S. se Doeane- en grensbeskermingsbeamptes in Pennsilvanië vier skeepsvragte onderskep wat meer as $14 miljoen se vervalste geldeenhede bevat het. Solank as wat mense aandring op die vervalsing, kan ons verwag dat dit verskaf sal word.

Hierdie beginsel geld ook vir 'n vervalste geloof, 'n vervalste Christus en 'n vervalste Christelikheid. Wanneer u vertroud raak met die *ware standaard*, kan die vervalsing nie anders as om uit te staan vir sy verskille nie, dit maak nie saak hoe subtiel dit is nie. Daar is steeds baie mense wat steeds tevrede is met die vervalsing.

Ons kan van die V.S. se Tesourie-standaarde leer om vervalste geldeenhede uit te ken, maar waar kan ons die ware standaard vir die Chris-telike geloof en praktyk vind?

Ons moet uit God se eie Woord leer – die Bybel. Dink aan

die voorbeeld van die Beréane: "Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:10-11).

**Wat sal Christene erf?**

Wat is dit wat die meeste belydende Christene nie oor die Skrif verstaan nie? Dink byvoorbeeld aan iets so basies soos die beloning van die gereddes. Baie kerke leer dat wanneer 'n mens sterf, hy hemel toe gaan. Dit beteken vir sommige mense om in die wolke rond te sweef met 'n harp in hulle hande. Ander persone het al die hemel beskryf as 'n "pragtige visioen" waar 'n mens net eenvoudig tot in ewigheid met vreugde na die aangesig van God staar.

Wat leer *die Bybel* ons egter oor die beloning van die gereddes? In die Skrifgedeelte bekend as die Saligsprekinge, openbaar Jesus iets belangrik: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (Matthéüs 5:5).

God se Woord beskryf deurgaans dat die heiliges se erfenis net hier *op hierdie planeet* sal wees. Wat sê die Bybel vir ons, sal die heiliges op die aarde doen? Let op dat "aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Open-baring 2:26-27). Ons lees ook Christus "het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:10). Later vind ons dat die heiliges saam met Christus vir "duisend jaar" sal regeer (Openbaring 20:6).

Is dit net 'n soort simboliese taal of metafoor wat ons kan weg redeneer of ignoreer? Volgens wat die apostel Paulus aan Christene in Korinthe geskryf het, het hy nie so gedink nie: "DURF iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie? Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korinthiërs 6:1-3).

Hier, soos op baie ander plekke, verduidelik die Bybel dat die beloning van die gereddes letterlik is om saam met Jesus Christus in krag en heerlikheid te *regeer!* Vandag se getroue Christene het ook deel in Christus se belofte dat hulle "alles" sal beërwe (Openbaring 21:7) – met inbegrip van 'n lewens-belangrike rol op die aarde in die vinnig naderende Millen-nium, wanneer Jesus Christus die Koninkryk van God regoor die wêreld tot stand sal bring. U kan meer daaroor lees in mnr. Richard Ames se artikel elders in hierdie uitgawe.

Ongelukkig sal u selde – indien ooit – hoor dat hierdie waarheid deesdae verkondig word in die meeste kerke wat Christelikheid bely. Dit is egter nie nodig dat u geflous word nie. Die suiwer Woord van God gee ons 'n rotsvaste standaard wat ons toelaat om Satan se vervalsing te identifiseer.

**Die R200-noot toets**

Wat vind ons wanneer ons die "R200-noot toets" op ander aspekte van tradisionele "Christelikheid" toepas? Hoe vergelyk dit met die Woord van God, hoe weeg dit teen mekaar op?

Let op sommige van die tradisionele vieringe wat met hedendaagse "Christelikheid" geassosieer word. U het waarskynlik al die Engelse liedjie gehoor wat Kersfees as "die wonderlikste tyd van die jaar" verkondig. Mense ruil geskenke uit, versier bome, steek Joel blokke aan en geniet baie tradisies wat al vir geslagte oorgedra is en in Christus se Naam gevier word. Gedurende Paasfees vertel ouers vir hulle kinders dat die Paashaas vir hulle gekleurde eiers en lekkergoed gebring het en hulle geniet warm paasbolletjies en ander tradisies wat al vir jare lank in die Naam van Christus beoefen word.

Enige hoogaangeskrewe ensiklopedie sal uitvoerig verduidelik dat hierdie tradisies en heidense gebruike hulle oorsprong in heidense aanbiddingsrituele het wat die Christelikheid eeue gelede – of selfs millennia – voorafgegaan het. Mense wat bewus is van hierdie oorsprong, sê soms dat

*Vervolg op bladsy 21*

# Sewe tekens van die eindtyd Antichris

## Deur Wallace G. Smith

Neem die volgende bekende – of berugte – manne in oënskou: Ronald Reagan, Bill Gates, Henry Kissinger, koning Juan Carlos, Saddam Hussein, koning Charles III en Klaus Schwab van die Wêreld Ekonomiese Forum.

Wat het hulle in gemeen? Elkeen van hulle is op een of ander tyd daarvan beskuldig dat hulle die Antichris is – daardie duister en geheimsinnige figuur wat deur Bybelprofesie voorspel word. Sommige van hierdie manne is reeds dood en van hulle leef nog. Nie een van hulle kom ooreen met die Bybel se beskrywing nie. U Bybel wys duidelik daarop dat die Antichris *gaan* kom en dat vernietiging, vervolging en dood tegelykertyd sal kom – soos wat die wêreld nog nooit tevore beleef het nie en ook nooit weer sal beleef nie. Daar is rede om te glo dat hy *nou* reeds leef. Sy planne vir misleiding is reeds in plek en beïnvloed alreeds die lewens van die meeste mense wat hulleself vandag as Christene beskou.

In ons wêreld van gevorderde tegnologiese wonders en moderne gemak, kan net om te prâát van 'n "Antichris", oudmodies lyk – soos om van oordeel en swaarmoedigheid te preek gedurende 'n era wat nou verhewe is bo skrifture en profesieë. Die teenoorgestelde is egter waar. Tyd het nie profesie agtergelaat nie – inteendeel, tyd het uiteindelik profesie *ingehaal*. Die tye waarin ons leef pas *nou* eers in by u Bybel se beskrywing van die eindtydtoneel waar die Antichris te voorskyn sal kom.

Matthéüs 24:22 openbaar byvoorbeeld, in daardie geprofeteerde dae "sou geen vlees gered word nie" ... as gevolg van die mensdom se vermoë om te vernietig, indien dit nie was vir Christus se Wederkoms nie. Dit was nie moontlik nie, totdat ons die era van massavernietiging – wapens wat inderdaad die kapasiteit besit om die mensdom uit te roei. Daniël 12:4 beskryf die tyd van die einde as 'n era waartydens baie mense die boek sal "deursoek" en "kennis sal vermeerder" – antieke woorde wat ons moderne wêreld baie goed beskryf, waarin wêreldreise alledaags is en ons toenemend aan 'n daaglikse stortvloed van meer inligting blootgestel is as wat enigeen van ons moontlik kan verwerk.

Waarlik, die profesieë wat betref die Antichris is nie stowwerige outydse geskrifte, wat ontoepaslik is vir ons hedendaags tyd nie. Dit is spesifiek *vir* ons huidige tyd geskryf en is geïnspireer deur die God wat die einde van die begin af verkondig (Jesaja 46:10). Sy waarskuwings oor die finale Antichris is lewensbelangrik, want die verskyning van hierdie figuur sal meer dood, vernietiging en menslike lyding meebring as wat ons wêreld nog ooit tevore ervaar het – 'n tydperk wat u Bybel die Groot Verdrukking noem.

Gedurende die leeftyd van die meeste mense wat hierdie artikel lees, sal die Antichris se mag toeneem. Hy sal die oorgrote meerderheid mense mislei, deur manne en vroue regoor die wêreld subtiel en verleidelik te oorheers sodat hulle gewillig 'n demoniese vervalsing van die Christelikheid sal aanvaar. Trouens, daardie weergawe van Christelikheid is *alreeds* op die aarde teenwoordig en oefen groot invloed uit. Om eerlik te wees, daar bestaan 'n baie goeie kans dat u reeds onder sy invloed is, wat u des te meer kwesbaar maak vir hierdie toekomstige tiran.

Stel uself die volle aanwending van moderne oorlogvoering voor, die byna onbeperkte vernietigende vermoë van die mensdom wat ontplooi kan word deur 'n oproep van 'n man wat onder die direkte invloed van Satan die duiwel staan. Hierdie man sal daaraan toegewy wees om ware Christenskap van die aarde af te vernietig en dit te vervang met 'n godsdiens wat soos ware Christenskap *klink* en die *naam* van Jesus Christus gebruik, maar wat presies heeltemal die teenoorgestelde

verteenwoordig van die Christenskap wat Jesus Christus onderrig en uitgeleef het.

Waarskynlik is daar geen figuur wat meer op die voorgrond sal wees in ons geprofeteerde toekoms, as die Antichris nie. Dit sal vir u 'n lewensbelangrike kwessie van lewe of dood wees om hom te kan herken. Profesie is duidelik: Die meeste mense sal hom *nie* herken nie.

*U* sal hom egter kan herken. Hierdie artikel openbaar sewe tekens van die eindtydse Antichris soos dit uiteengesit is in Bybelprofesie. Enigeen wat dit verstaan, sal die finale Antichris kan herken wanneer hy kom. Daardie finale Antichris kom *wel* om ons wêreld vir altyd te verander.

**1. Hy sal 'n godsdienstige leier wees**

Hierdie eerste teken is een wat die meeste mense nie raaksien nie. Volgens God se Woord sal die Antichris nie 'n militêre of politieke leier wees nie. Hy sal eerder 'n godsdienstige leier wees – van 'n groot valse kerk.

Hierdie fout ontstaan omdat baie mense die Antichris verwar met die dier van Openbaring, wat 'n militêre, politieke en ekonomiese kragreus is en wat die wêreld *sal* oorheers. Alhoewel daar 'n konneksie tussen hulle is, is die Antichris en hierdie dier twee verskillende wesens. In Openbaring 17 teken die apostel Johannes 'n visioen aan wat deur Jesus Christus en die engele onder Sy bevel aan hom gewys is:

"En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 1-5).

Daar is *baie* dinge om na op te let in hierdie gedeelte, maar ons sal op een punt fokus. Die dier met sewe koppe en tien horings, wat deur 'n prostituut gery word, is die eindtydse militêr-ekonomiese kragreus wat die dier van Openbaring genoem word. Wat van die vrou? 'n Ruiter klim op 'n dier om dit te beheer en sy bewegings te beïnvloed – hierdie dier word gery of beïnvloed, deur 'n ryk prostituut.

Indien u die *Wêreld van More* al vir 'n geruime tyd lees, behoort u te weet dat ons die Bybel toelaat om sy eie simbole te interpreteer. Die Bybel gebruik gereeld vroue om verskillende gelowe en godsdienstige organisasies uit te beeld. Anders as die reine maagd wat God gebruik om Sy Kerk te simboliseer in gedeeltes soos 2 Korinthiërs 11:2 en Openbaring 19:7-8, word hierdie valse kerk voorgestel deur 'n ryk prostituut wat op hierdie magtige dier ry. God gebruik dikwels die terme *ontug*, *owerspel* en *hoerery* om te verwys na die korrupte invloed van godsdienstige kompromieë met *heidense* gebruike en *heidense* aanbidding, soos in Jeremía 3 en Eségiël 16.

Die godsdienstige stelsel van die Antichris is die hoer wat op hierdie dier ry! Dit is egter nie *dieselfde* as die dier nie. In Openbaring 17:16 sien ons trouens dat die dier uiteindelik teen die vrou sal draai om haar te vernietig: "En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand." Die hoer sal egter tot dan die dier *ry* – hom manipuleer en beïnvloed en lei om haar doelwitte te bereik.

Dit is waarom die apostel Johannes in 1 Johannes 4:1-3 van die Antichris skryf in die konteks van valse profete, want die Antichris sal die *uiteindelike* valse profeet wees. Hy sal nie 'n militêre of politieke heerser wees nie, maar 'n *godsdienstige* figuur wat die magtigste kerk op aarde sal beheer. Op hulle beurt sal hy en sy kerk die militêr-ekonomiese kragreus lei, wat bekend staan as die eindtydse dier-mag van Openbaring.

Wat kan ons nog verstaan oor die godsdiensstelsel wat deur hierdie Antichris gelei word? Daardie vraag bring ons by ons tweede teken.

**2. Hy sal kom in die Naam van Jesus Christus**

In Sy kragtige profesie wat op die Olyfberg gelewer en opgeteken is in Matthéüs 24, Markus 13 en Lukas 21, het Jesus Christus Sy dissipels gewaarsku dat daar baie mense sal kom en godsdienstige misleiding sal beoefen en dat hulle *in Sy Naam* sal kom – dit is *die Naam van Jesus Christus* (Matthéüs 24:4-5).

Dit het ook so gebeur! Johannes het die verspreiding van daardie bedrieglike, vervalste Christendom selfs in die eerste eeu gesien en geskryf: "KINDERS, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is" (1 Johannes 2:18). Ja, *baie* antichriste het gekom teen die tyd dat Johannes daardie woorde geskryf het en die bedrieglike, vervalste Christendom wat hulle saamgeflans het deur Jesus se Naam valslik te gebruik duur voort en oorheers die hedendaagse wêreldse godsdienste.

Baie mense besef nie dat die woord "Antichris" méér as een persoon verteenwoordig nie. Dit verteenwoordig 'n geloofstelsel wat Christelik voorkom, maar in werklikheid 'n vervalsing van ware Christenskap is. Paulus skryf oor diegene wat "'n ander Jesus verkondig" en 'n "ander evangelie" bring (2 Korinthiërs 11:4). Hierdie ander evangelie bestaan al sedert die tyd van die twaalf Apostels. Tydens Johannes se leeftyd het baie wat daardie stelsel verteenwoordig het – "baie antichriste" – reeds gepreek (1 Johannes 2:18).

Die finale, eindtydse Antichris sal die hoogtepunt van hierdie misleiding wees – 'n groot valse profeet wie uiterlik baie Christelik sal *voorkom*. Profetiese simboliek beeld hierdie Antichris uit as 'n ander dier wat uit die aarde opkom – nie die sewe-koppige dier van Openbaring wat vroeër in die hoofstuk en in hoofstuk 17 gevind word nie. Ons lees: "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak" (Openbaring 13:11).

Die Skrif gebruik deurgaans 'n lam as 'n simbool vir Christus en 'n *draak* of 'n *slang* as 'n simbool vir die duiwel. Hierdie valse profeet wat kom – hierdie finale Antichris, sal *lyk* soos die Lam, Jesus Christus. Hy lyk dalk vriendelik en medelydend en dit kom voor asof hy uit die Bybel onderrig gee. Profesie sê egter dat hy die woorde van die draak sal spreek – die *duiwel*. Die "Christelikheid" wat hy onderrig, sal 'n subtiel verdraaide weergawe van Christelikheid wees – *nie* die ware Christenskap van Jesus Christus nie, alhoewel dit Sy Naam vir homself sal toe-eien.

Ons volgende teken is een van die planne wat die eindtydse Antichris sal gebruik om selfs die mense wat skepties is te mislei en hulle na sy korrupte weergawe van Christelikheid te lei.

**3. Hy sal uiteindelik "wonderwerke" verrig**

Ons gaan voort om in Openbaring 13 te lees: "Hy doen ook groot tekens, sodat Hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen" (Openbaring 13:13-14).

Hierdie individu sal vuur uit die lug kan roep, baie soos die profeet Elía in die Ou Testament gedoen het. So 'n kragtige "teken" sal 'n groot menigte mense verstom. Die apostel Paulus sê van hierdie komende valse profeet dat "hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" (2 Thessalonicense 2:9). Selfs skeptici sal erken dat hulle bonatuurlike gebeure sien wat deur hierdie persoon verrig word – tog sal hierdie "wonderwerke", leuens wees.

Dit *sal* bonatuurlik, maar demonies wees – *satanies* van oorsprong.

Die sleutel om die aantrekkingskrag van bonatuurlike leuens te weerstaan, is om die leerstellings van die "wonderwerker" met Bybelse waarheid te vergelyk. Hou in gedagte dat die eindtydse Antichris soos Christus sal voorkom, maar soos die subtiele draak – Satan die duiwel – sal *praat*. Dit bring ons by die vierde teken.

**4. Hy sal ontken dat Christus in die vlees kom**

Dit is 'n lewensbelangrike punt maar 'n subtiele een wat maklik is om mis te kyk. Die Skrif beskryf die fundamentele leerstelling van die Antichris: "Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris" (2 Johannes 1:7).

Baie mense dink dat Johannes bloot die idee dat Jesus nie regtig 2,000 jaar gelede in die vlees gekom het nie veroordeel. Dit is waar dat hy sulke valshede veroordeel. Lees egter noukeurig: Johannes sê dat die bedrieërs nie onderrig dat Christus "in die vlees kom" nie. Dit is 'n teenswoordige werkwoord, wat aandui dat Christus *voortdurend* in die vlees kom. Dr. Charles B. Williams – wie se vertaling van die Nuwe Testament hoog aangeskrewe is vir die aandag wat hy aan die besonderhede van die Griekse werkwoorde gee in die oorspronklike vertaling van die Nuwe Testamentiese teks – vertaal hierdie gedeelte asof dit sê dat die Antichris nie bely dat Christus "voortgaan om te kom" in die vlees nie.

Wat beteken dit egter?

Dit beteken dat die Antichris nie onderrig dat Jesus Christus vandag voortdurend *in Christene leef nie* terwyl Hy dieselfde soort lewe leef wat Hy 2,000 jaar gelede geleef het en Hy hulle help om te groei in gehoorsaamheid en 'n goddelike karakter. Die apostel Paulus verduidelik dit in 'n pragtige gedeelte: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galásiërs 2:20).

Dit is waarom Paulus skryf dat ons deur Christus se dood versoen is met God, maar "deur sy lewe gered word" (Romeine 5:10). In teenstelling met Christus wat dit "alles gedoen het" by Sy kruisiging, soos baie valse predikers onderrig, leef Christus daagliks ín bekeerde Christene en help Hy hulle om te groei en om hulle sonde nou, in *hierdie* lewe te oorwin. Die Antichris sal hierdie fundamentele – dikwels geïgnoreerde leerstelling – ontken en hierdie ontkenning sluit direk aan by ons vyfde teken.

**5. Hy sal God se Wet verwerp**

Ons lees in 2 Thessalonicense 2 dat Paulus die finale Antichris "wetteloos" noem. Hierdie stelling het egter nie betrekking op menslike wette nie. Die Antichris sal die Wette van *God* teëstaan – in werklikheid sal hy God se Wette – soos in die Bybel geopenbaar is – vervang met godsdienstige wette wat hulle oorsprong het in menslike tradisies en heidense bygelowe.

Daniël beskryf dit deur te sê: " ... hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd" (Daniël 7:25). Daniël openbaar dat die Antichris, tye van aanbidding soos deur God ingestel is, sal verwerp ten gunste van 'n valse stel aanbiddingsdae en dat hy die Wette van God sal vervang met 'n ander stel wette – wette wat Christelik *sal lyk*, maar hulle oorsprong sal nie in die Wette van God wat in die Bybel opgeteken is, gevind word nie.

Die Antichris sal mensgemaakte godsdienstige wette, belydenisskrifte, sondebelydenis en tradisies bevorder en sal aanspraak maak op die gesag om die duidelike bevele en Wette van God wat in die Skrif gegee word, *tot niet te maak*. Kerkkalenders met mensgemaakte vakansiedae sal voorgehou word as *vervanging* van die Heilige Dae en Feeste van God wat in elke Bybel gevind word. Hierdie komende "wettelose een" sal as die Antichris, aanspraak maak op gesag oor wat die Almagtige God Sélf tot stand gebring het en pogings aanwend om die ware Wette van God te verander.

Soos u dalk opgemerk het, is baie van u wat hierdie artikel

lees reeds geraak deur hierdie stelsel van die Antichris, wat al in plek is. Die oorgrote meerderheid van diegene wat hulleself "Christen" noem, het *reeds* hulle geloof in so 'n stelsel geplaas.

Die Antichris sal egter nie tevrede wees om die wêreld bloot tot sy valse leringe te bekeer nie. Hy sal ook die paar ware Christene wil uitskakel wat dit waag om die *ware* leerstellings van die Bybel te glo – die leerstellings wat sy valse leringe weerspreek. Dit bring ons by ons sesde, tragiese teken.

**6. Hy sal ware Christene vervolg**

Jesus Christus het Sy dissipels gewaarsku dat daar 'n tyd sal kom wanneer diegene wat ware Christene doodmaak, "sal dink dat hy 'n diens aan God bewys" (Johannes 16:2). Dit is die tyd wat in Daniël 7:25 genoem word – 'n tyd wanneer die Antichris diegene gewelddadig sal vervolg wat God se ware Wette en bevele gehoorsaam.

Dink terug aan die beelde van die konsentrasiekampe en die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog waarin miljoene mense soos diere na hulle dood aangejaag is. Stel u nou voor dat sulke maatreëls op 'n ander minderheid toegepas word – daardie Christene wat Jesus Sy "klein kuddetjie" (Lukas 12:32) noem, wat werklik daarna streef om die Tien Gebooie van God te gehoorsaam (Exodus 20:1-17; Deuteronómium 5:1-21).

Openbaring 12 beskryf die woede wat hulle [die Christene se] gehoorsaamheid, in Satan die duiwel veroorsaak en hoe hy daarop sal reageer. "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou" (vers 17). Hoe bewerkstellig die Antichris hierdie vervolging? Daardie krag is gekoppel aan ons finale teken.

**7. Hy sal verwys na 'n herleefde "Romeinse Ryk"**

Onthou dat *die vrou die dier* ry. Openbaring 13 waarsku dat die valse profeet die massas sal beïnvloed om die komende dier van Openbaring te ondersteun en dat die Antichris die krag van hierdie dier-mag sal aanvoer – wat 'n eindtydse herleefde "Romeinse Ryk" sal lei wat selfs die mag van vandag se Verenigde State sal oorskadu. Hierdie politieke en militêre kragreus sal krag en mag uitoefen soos die wêreld nog nooit tevore gesien het nie en dit sal lei tot die mees wydverspreide lyding in die geskiedenis van die mens.

Die Antichris sal die mag van die dier toespits op diegene wat weier om die Wette van God te verwerp – diegene wat Jesus Christus in gees en waarheid aanbid en weier om die Antichris se valse Christelikheid te aanvaar. Die resultaat sal 'n hedendaagse Inkwisisie wees op 'n gruwelike skaal wat nog nooit tevore in die menslike geskiedenis beleef is nie. Hierdie onheilige alliansie van 'n valse kerk en 'n tiranniese staat sal die wêreld oorheers in die nabye toekoms.

**Die ware Christus sal seëvier**

Selfs met al hulle kragte gekombineer – sal hierdie allerkragtigste alliansie van godsdienstige, politieke, ekonomiese en militêre mag nie opgewasse wees teen die terugkerende Jesus Christus nie. Hy sal op die aarde arriveer met Sy verheerlikte getroue volgelinge van hierdie huidige tyd, wat opgewek is om te regeer onder Sy welwillende gesag en die Koninkryk van God vir ewig te vestig. "En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand" (Openbaring 19:20).

Wat staan ons dus te *doen* wat betref hierdie ontnugterende profesieë? Ons moet onthou dat die Antichris se godsdiensstelsel, wat hy uiteindelik aan die hele wêreld sal verkwansel, *vandag* bestaan en die meeste mense wat hulleself "Christene" noem, word reeds daardeur mislei. Ons hoef nie te wag totdat hierdie godsdienstige tiran op die toneel verskyn nie – ons kan *nou* optree om sy stelsel en sy vervalste Christelike stelsel te verwerp.

Net soos Openbaring 12 die vervolging wat nog voorlê openbaar, openbaar dit ook dat baie ywerige Christene tydens

die komende Groot Verdrukking beskerm sal word (Openbaring 12:14). Inderdaad, Jesus vermaan ons: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

Dit is *nou* die tyd om die waarheid van God te soek teenoor die leuens van vervalste "Christendom". Ons bid dat *u* daardie waarheid sal soek en die misleidings van die komende eindtydse Antichris sal verwerp, terwyl dit vandag in ons wêreld aan die werk is. WvM

# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

***Vervolg vanaf bladsy 21 – Kan u 'n vervalsing raaksien?***

het, sê Jesus: "... julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32). Dit verg moed om 'n gerieflike leuen te laat vaar en om na die waarheid te begin streef. Iewers, soos 'n klein maar kosbare edelgesteente, te midde van 'n hoop vervalsings, is die Kerk wat getrou die waarheid van Jesus Christus onderrig – presies dieselfde boodskap en lewenswyse wat Hy na hierdie aarde gebring het.

Hoe sterk is u begeerte om daardie Kerk te vind? Dan, sodra u dit gevind het, is u bereid om die vervalsing prys te gee? WvM

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

***Vervolg vanaf bladsy 22 – 'n Les van my hond***

eenvoudige verse. Indien u op soek is na wysheid, behoort u meer te leer van hierdie uitnemende Boek van kennis. Terwyl u leer, hou aan om die *Wêreld van Môre-tydskrif* te lees vir meer insig. Ons bied baie gratis bronne aan om u te help met u studies van die Bybel. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Kan u 'n vervalsing raaksien?*

dit gepas is om nie-Christelike gebruike "in te lyf" deur dit in "Christelike" aanbidding in te sluit. Hoe voel God werklik oor die gebruik van heidense gebruike om Hom en Sy Seun te aanbid?

God het Sy opinie in die Skrif baie duidelik gemaak. Hy het duidelik beveel dat heidense gebruike nie gebruik mag word om Hom te aanbid nie. Hy het gewaarsku dat Sy volk "nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (Deuteronómium 12:30-32).

Gereelde lesers van hierdie publikasie weet Jesus Christus is die God wat daardie opdrag gegee het en ons neem aan dat Sy ware Kerk Hom sal gehoor-saam. Wat het Hy gesê oor diegene wat Sy Wette verwerp ten gunste van hulle eie idees? Hy het vir die Fariseërs gesê: "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:9). Christus het 'n praktyk veroordeel wat deesdae *oorheersend* is in "hoofstroom Christelikheid" – 'n poging om Hom te aanbid deur tradisies te gebruik wat ontwerp is vir die aanbidding van *valse gode*.

**Wat sal u kies?**

*The Matrix* is maar een van baie verhale van wetenskapfiksie waarin 'n held ontdek dat die wêreld rondom hom nie is soos dit voorkom nie, maar in werklikheid 'n slinkse misleiding is – 'n *vervalste werklikheid* – ontwerp om hom daarvan te weerhou om te weet wat die waarheid is.

Daar is dikwels in hierdie verhale 'n oomblik wanneer die held agterkom wat die waarheid is en 'n moeilike besluit moet neem: *Gaan ek terug na die gemaklike wêreld wat ek nog altyd geken het, selfs al weet ek dit is 'n leuen of is ek dapper genoeg om die volgende stap te neem en die waarheid ten volle te aanvaar, ongeag hoe ongemaklik daardie besluit mag lyk?* Soos diegene wat bewustelik vervalste geldeen-hede spandeer, is daar baie mense wat voor die werklikheid van God se Woord te staan kom en dan bereid is om hulle toekoms toe te vertrou aan dit wat nie werklik is nie.

Net so, wanneer u die ware Christenskap van die Bybel ontdek en besef hoe dit verskil van die "Christendom" wat oral rondom ons beoefen word, kan *u* wat hierdie tydskrif lees, dalk op so 'n oomblik in u eie lewe kom.

Indien dit gebeur, sal u nie alleen wees nie. Ek ken daardie gevoel. Ek was ook daar. Dit verg moed om die daad by die woord te voeg met betrekking tot dit wat u leer. U mag dalk 'n angstige gevoel ervaar en wonder waar die pad sal eindig sodra u dit wat u in u Bybel leer begin uitleef.

Dit is nie nodig – *u behoort nie* – die vervalsing te aanvaar nie. Ek het gevind daar is ware vreugde en opwinding wanneer u die waarheid ontdek wat u nog nooit tevore geleer het nie. Bybelgedeeltes wat u dalk baie keer gelees het, maar nooit heeltemal verstaan het nie, kry lewe en pas in by 'n groter prentjie.

Namate u dele van die Bybel ontdek wat u voorheen geïgnoreer het, begin u sien watter wonderlike boek die hele Bybel is. U begin waardeer dat God waarlik *nie* die outeur van wanorde is nie (1 Korinthiërs 14:33). U ervaar self die oorvloedige lewe wat Hy beloof aan dié wat Hom gehoorsaam (Johannes 10:10).

U mag dalk soms wonder of u alleen is om ware Christenskap in plaas van die vervalsing na te streef. Hier verskaf die Bybel weereens die antwoord – in Jesus Christus se belofte dat Hy Sy Kerk sal bou en dat die graf dit nooit sal oorwin nie (Matthéüs 16:18). Wanneer u u Bybel lees, sal u sien dat Sy ware Kerk *wel* bestaan en *teenwoordig* sal wees by Sy Wederkoms en wag vir die dag wanneer dit aan Hom oorhandig sal word as 'n bruid wat "haar gereed gemaak" het (Openbaring 19:7).

Die apostel Paulus noem die ware Kerk – nie die vervalste kerk nie – "die gemeente [is] van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid" (1 Timótheüs 3:15). Soos ons vroeër gelees

*Vervolg op bladsy 20*

# 'n Les van my hond

## Deur J. Lawrence Taylor

*Soms is dit nodig dat ons na ons vierbeen-vriende luister.*

Daar is tye wanneer ek dink my hond kan dalk slimmer as ek wees. Ek is seker dat die meeste honde-eienaars die een of ander tyd so voel en ek het beslis een aand so gevoel toe sy my gehelp het om 'n waardevolle lewensles te leer.

Die laaste ding wat ek doen voordat ek in die aand bed toe gaan, is om my hond, Nola, na die agterplaas te neem. Soms vergeet ek om een van die buiteligte aan te skakel, wat meebring dat die helfte van my tuin in donkerte gehul is. Ek woon al vir meer as 15 jaar in my huidige huis, dus ken ek die tuin baie goed en ek dink nie veel oor wat ek kan of nie kan sien nie. Ek dra gewoonlik 'n klein flitsliggie om my te help om die omgewing te verken aangesien jakkalse en prêriewolwe soms in ons omgewing opgemerk word.

Wanneer Nola haar sake moet doen, spring sy gewoonlik van die houtdek af. Wanneer ek egter vergeet om die lig aan te skakel, aarsel sy by die trappies – of sy neem 'n versigtige treetjie af na die eerste trap voordat sy weer terugklim. Nadat ek haar 'n paar keer hierdie ritueel sien doen het, het ek verstaan dat sy nie die onderste trappe kan sien as dit buite donker is nie. Dus, om haar te help, skyn ek met my flitslig op die trappies. Sodra haar paadjie goed verlig is, sal sy tevrede ondertoe draf. Nogtans het ek aanvanklik gedink dit is laf van haar. Ons albei was al duisende kere met hierdie trappe op en af, dus weet sy duidelik wat daar onder is of sy dit kan sien of nie.

**My hond het beter geweet**

Op hierdie spesifieke aand het die lug egter besonder skoon en helder gelyk en ek het na die sterre gekyk terwyl ons langsamerhand die trappies afgedrentel het. Hierdie keer het ek egter my flitslig vergeet, dus het Nola soos te wagte was, geaarsel. Ek het my egter misgis met die laaste tree. Ek het plakkies aangehad en het geval en my enkel geswik. Ek was nie ernstig beseer nie, maar ek het soos 'n dwaas gevoel en my enkel het seergekry – baie seer! Terwyl ek rondgespring het, vir myself gemompel en my enkel gevryf het, het Nola my dopgehou asof ek van my sinne beroof was.

Skielik het Psalm 119:105 in my gedagtes opgekom: “U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.” Later het ek aan 'n ander Skrifgedeelte gedink: “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5-6).

Daardie aand het ek besef dat my hond, ten minste vir 'n oomblik, slimmer as haar eienaar was. Nola het gewag dat haar paadjie verlig word en het vir my opdragte gewag, sodat sy nie sou seerkry nie. Ek, aan die ander kant, het blindelings en ewe dom op my instink en my “eie insig” van die situasie vertrou en toe vinnig geleer hoe dit werk toe ek in die donker gestruikel het.

Wanneer ons in die wêreld rondkyk, sien ons dat die grootste deel van ons samelewing op hulle eie verstand staat maak en in geestelike duisternis voortploeter – ons sien dan wat met hulle gebeur! In teenstelling daarmee, wanneer ons gehoorsaam is aan God se Woord en Sy Gebooie volg, is ons paaie goed verlig en duidelik gemerk en kan ons deur die lewe stap met duidelik afgebakende grense en verwagtinge. Wanneer ons weet dat ons reg optree in ons gehoorsaamheid aan God en Sy Wet, is ons veilig en geborge.

Dink net hoeveel beter hierdie wêreld sou wees indien almal sou kies om op die goed verligte pad van geregtigheid te wandel – nie meer misdaad nie, nie meer haat en vyandigheid nie en nie meer geestelike verwarring nie. Ons sal almal op dieselfde goed-verligte pad wees.

My hond was slimmer as haar eienaar, omdat sy weet waar haar sekuriteit lê en sy soek altyd die verligte paadjie. Die Bybel wys vir ons 'n goedverligte pad van praktiese, toepaslike wysheid, wat dikwels geskryf word in pragtige dog

*Vervolg op bladsy 20*

# Vrae & Antwoorde

## Maak ons woordkeuses regtig saak vir God in ons toenemend onbeskaafde samelewing?

**Vraag:** Ek verstaan dat dit nie beleefd is om "vloekwoorde" te gebruik nie, aangesien baie mense dit as vulgêr en aanstootlik beskou. Waarom maak sommige mense egter beswaar teen sulke oënskynlik onaanstootlike uitroepe soos "hene", "henetjie tog", "jiri", "jisis" of "jislike"? Dit is sekerlik verkieslik bo die kru en vulgêre woorde wat sommige mense in pleks daarvan sou gebruik. Is ek verkeerd?

**Antwoord:** Wanneer ons iemand hoor uitroep "hete" of "jinne"! kan ons dit waardeer dat hulle 'n openlike vulgariteit vermy, maar terselfdertyd kan hulle woordkeuse steeds daardie eufesmistiese vulgariteit in ons gedagtes laat opkom – al is dit nie uitgespreek nie. As Christene weet ons dat ons woorde vir God saak maak; die apostel Paulus het die Efésiërs opdrag gegee: "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor" (Efésiërs 4:29).

"Sommige mense sal beswaar maak en redeneer dat *'gosh'* nie 'God' is nie en '*Jiminy Cricket'* ís nie 'Jesus Christus' nie!" Sommiges sal opper: "Wat is fout daarmee om 'n 'versagtende vorm' of 'n 'eufemisme' in plaas van God se Naam te gebruik?" Wel, soos in die woordeboek verduidelik word, "vervang 'n eufemisme 'n woord wat as kru of aanstootlik beskou word met 'n ander ligte, indirekte of vae uitdrukking". (*Random House Dictionary of the English Language*). 'n Vae sinspeling op God se Naam verwys steeds na Sy Naam en behoort dus nie 'n "plaasvervangende vloekwoord" te word nie. Indien ons God se Naam of 'n eufemisme vir God se Naam onverskillig gebruik om skok, verbasing of selfs godslastering uit te druk, toon ons minagting vir ons Skepper of diegene rondom ons, al word ons woorde nie as "vulgêr" beskou nie.

Waarom is dit so? Die Skrif waarsku: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie" (Exodus 20:7). So 'n misbruik van God se Naam is eintlik 'n ernstiger saak as blote vulgariteit. Mense se siening van wat vulgêr is, kan met verloop van tyd varieer, aangesien 'n gemeenskap se gebruik van taal veranderings ondergaan. Die bewoording van 1 Samuel 25:22 sou nie vulgêr vir lesers van die *King James*-Vertaling in 1611 gelyk het nie, maar vandag se lesers mag dalk ongemaklik wees wanneer hulle sien hoe die KJV-vertalers 'n frase weergee wat die Hebreeuse woord *shâthan* bevat (*Strong's* 8366) 'n woord wat oor jare 'n kru betekenis gekry het (wat vandag 'n growwe??kru woord vir urineer is in Engels en Afrikaans). Die NKJV-vertalers, daarenteen, het die duidelike hedendaagse woord in daardie vers se Hebreeuse idioom weergegee sonder om 'n woord te gebruik wat die meeste hedendaagse mense vandag vulgêr sou vind. Ons behoort beslis bedagsaam te wees teenoor ander mense wat betref ons woordkeuses en behoort dus vulgariteit te vermy. Weereens, om God se Naam ydellik te gebruik is 'n ander en baie meer geestelik ernstiger saak.

### Eer Sy Naam

Hiermee in gedagte, hoe *behoort* ons God se Naam te gebruik? In die Nuwe Testament het Christus Sy dissipels opdrag gegee om in Sy Naam tot God die Vader te bid. "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word" (Johannes 14:13). Wanneer ons bid, behoort ons God se Naam te eer. "Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word" (Matthéüs 6:9).

Die dissipels het die siekes in die Naam van

Vervolg op bladsy 26

# Die werke van Sy hande: Die natuur se mikrovlieër

**Deur Bryan Fall**

Op 21 Mei 2023 het *SpaceX* sy *Falcon 9*-vuurpyl gelanseer – sy tweede privaat gefinansierde, bemande vlug na die internasionale ruimtestasie. Mense was verstom deur die ongelooflike krag van die vuurpyl se enjins, wat 1,7 miljoen pond se stukrag verskaf het om dit die ruimte in te stuur. Hulle was selfs meer beïndruk toe die eerste-fase vuurpyl self geland het – gereed vir hergebruik. Die tegnologie wat gebruik is om die *AX-2*-sending se bemanning na die ruimtestasie te stuur en weer terug te bring, is beslis indrukwekkend en baie mense droom oor 'n toekomstige sending om Mars te koloniseer. Indien ons 'n ruimtetuig na Mars sou stuur, sal dit ook nodig wees om alles te voorsien wat mense nodig sou hê vir die agt tot nege maande-lange reis, asook die voorrade wat nodig is om 'n nuwe gemeenskap op die rooi planeet te begin.

Veronderstel nou dat God se skepping rééds 'n kapsule bevat het wat nuwe plekke kon koloniseer terwyl dit lewe inhou asook al die voorrade wat nodig is om dit te onderhou? Laat ons verder bepaal of hierdie vaartuig voldoende geprogrammeerde inligting bevat om die geboorte, groei, ontwikkeling en voortplanting van die inhoud daarvan vir ongekende generasies van lewe te beheer. Laat ons dan die vermoë byvoeg om aan te pas binne die perke van sy programmering om uitdagende omgewings te trotseer. 'n Beskermende kapsule, vervoermiddels, die nodige voedselvoorraad – alles behoort ingesluit te wees.

Verder, wát as die Skepper al daardie tegnologie en lading gekrimp het tot iets so groot soos 'n potlooduitveër en dit skynbaar ligter as lug gemaak het? Kan dit moontlik wees dat al hierdie tegnologie heeltemal vervat was in 'n kwart-duim-kapsule wat minder as 500 mikrogram weeg en sonder 'n span rekenaar-ingenieurs, fisici en weerkundiges moes funksioneer? Is dit belaglik?

Glad nie! Sulke tegnologie word waarskynlik onder die skoene van mense vertrap wat in die lug staar na SpaceX-bekendstellings. Onder hulle voete, binne-in die grond, lê die algemene, maar merkwaardige perdeblomsaad.

**Waarlik 'n vlieënde masjien**

Perdeblomsade [*Dandelions*] is van die beste vlieërs in die natuur, wat van die wind gebruik maak en so ver as 150 kilometer (ongeveer 93 myl) versprei – alles sonder om 'n enkele pond stukrag te genereer. Elke saadjie is deur 'n lang buisie gekoppel aan 'n valskermagtige struktuurtjie wat bestaan uit haaragtige borseltjies. Die blomsaadjies en hulle valskermpies vorm die pofballetjies wat graag deur kinders in die wind rondgestrooi word. Onlangse navorsing skep 'n ingewikkelde prentjie van hierdie sade – onmiskenbaar ontwerp om te kan vlieg.

Gedurende 'n studie in 2018 het wetenskaplikes, die vlug van perdeblomsade nageboots met 'n windtonnel en nagemaakte silikon, tesame met werklike perdeblomsaadmonsters. Wat hulle gevind het, was 'n baie duidelike "windborrel"-patroon wat rondom die saad gevorm het namate dit in vlug gestabiliseer het – soortgelyk aan wat u in vloeiende water mag sien soos draaikolke al om 'n klip in 'n stroompie vorm. Hierdie borreltjie vorm wanneer nét die regte hoeveelheid lug deur die valskermpie deurgelaat word ("poreusheid") en net die regte hoeveelheid lug deur die valskermpie weerstaan word. Die gevolglike lugturbulensie "verbind" met die saad net solank die poreusheid tussen 77.42 en 84.97 persent bly. Merkwaardig genoeg bereik die saad self op kundige wyse hierdie optimale sone van poreusheid! Hierdie merkwaardige balans word bereik in ontelbare suksesvolle saad-"vlugte" op ses van die aarde se vastelande. Geen regerings of private ruimteprogram het al so 'n suksesrekord behaal nie *("Innovative plant: How does the dandelion drift its seeds?," University of Notre Dame, 2021).*

Hierdie klein sweeftuigie vou egter soms van sy saadbuisies styf teen mekaar vas en verhoed dit om te vlieg. Die perdeblomsaad is in staat om aanpassings te maak wat baie ooreenkom met 'n vuurpyllansering wat op die laaste oomblik afgelas word wanneer 'n stormstelsel inbeweeg. Wanneer vogvlakke in die atmosfeer hoog is, sluit die perdeblomvalskermpie toe, wat die saad dan laat val naby die moederplant in 'n area met genoegsame watervoorsiening. Die saad is ook in staat om die valskermdakkie heeltemal oop te maak, ten einde voordeel te trek uit ligte winde wat meer geneig is om in droë atmosferiese toestande voor te kom.

**Miniaturisering op sy beste**

Die wyse waarop die perdeblom se valskermvorm verander, was 'n raaisel tot 2022, toe 'n span internasionale navorsers, humiditeitsbeheerde kamers en 'n elektronmikroskoop gebruik het om hierdie aksie te bestudeer. Aan die basis van die haaragtige borseltjies wat die valskermpie vorm, het wetenskaplikes plantweefsels gevind wat die haartjies laat oop- en toegaan. Hierdie aktiverende weefsels absorbeer vog in verskillende mates. Dit dy uit in droë toestande en krimp in nat toestande – tog word geen waardevolle energie in hierdie passiewe proses gebruik nie.

Deur die valskermborseltjies onder 'n elektronmikroskoop te ondersoek, het navorsers gesien hoe die ingewikkelde manier waarop die plantweefsels geheg is, op 'n radiale patroon gerangskik is wat gekoördineerde, gelyktydige en simmetriese opening en sluiting van die valskermpie verseker. Hierdie selfgerigte, weerafhanklike voorbereiding voor die vlug, tesame met sy voortstuwingstegnologie, is nie minder merkwaardig as enige vuurpyl nie (*“Dandelion pappus morphing is actuated by radially patterned material swelling,” Nature Communications*, 6 Mei 2022; *“Engineers uncover secret 'thinking' behind dandelions' seed dispersal,” Imperial College London, Imperial.ac.uk*, 1 Junie 2022).

Daar is selfs merkwaardiger kompleksiteit betrokke by die nederige perdeblomsaad as sy vlug-vlieg-apparaat. Soos alle sade, bevat dit die genetiese inligting wat nodig is om 'n nuwe plant te vorm wat weer op sy beurt self saad sal produseer. Selfs die kleinste saadjies bevat 'n geweldige hoeveelheid inligting. Volgens *Scientific American* sou “die 74 miljoen grepe inligting in die *Library of Congress* in 'n DNS-argief, so klein soos 'n papawersaad, ingebondel kon word – 6,000 keer meer” *(“DNA: The Ultimate Data-Storage Solution,”* 28 Mei 2021)

Die perdeblomsaad het ook 'n komponent wat die endosperm genoem word, wat al die nodige voedingstowwe bevat vir die embrio om 'n saailing te vorm en wortel te skiet in die grond waar dit beland. Die saadhuid – sónder die hulp van materiale en metale waaruit 'n vuurpylskild saamgestel is, is voldoende om die waardevolle vonk van toekomstige lewe daarbinne te beskerm. Hierdie merkwaardige omhulsel kan selfs ongeskonde bly regdeur die hele spysverteringskanaal van 'n saad-vretende voël of soogdier, sodat die saad kan ontkiem en ontwikkel wáár dit ook al in die grond beland.

**Ons ongelooflik vervaardigde “lewenskapsule”**

Die mensdom het vir duisende jare bestaan sonder die voordeel van vuurpyle. Wat sou egter gebeur wanneer 'n saad nie volledig was nie, nie in staat was om te ontkiem en uiteindelik volwasse te word nie? Wat sou gebeur indien selfs net een gedeelte of een stukkie van 'n ingewikkelde saad sou ontbreek of slegs gedeeltelik ontwikkel en gevorm sou word? Indien dit nie was vir die onderlinge samewerking van dele en stukke nie, sou dit nie kon dupliseer en 'n saadproduserende plant vorm om voort te bestaan nie. Dit sou so nutteloos wees soos 'n multi-miljard-dollar-ruimtetuig met 'n los skroef. Saad, wat 'n deurslaggewende basis vir lewe op aarde vorm sou ophou bestaan en lewe self sou in gevaar gestel gewees het.

Vuurpyle word deur ingenieurs, werktuigkundiges en verskeie spanne wetenskaplikes gebou. Deur wie is die eerste saad egter gebou? Indien dit vanaf 'n plant kom, waar het daardie plant vandaan gekom? Sommige welbekende wetenskaplikes soos Fred Hoyle en Richard Dawkins, het die idee van *panspermie gehuldig* – dat buite-aardse organismes ons planeet besaai het. Dit is 'n verbeeldingryke manier om die

wiskundige onwaarskynlikheid van lewe op aarde wat toevallig ontstaan, te vermy. Die probleem bly nogtans bestaan – hoe het die veronderstelde buite-aardse wesens en organismes ontstaan?

Dit is nie nodig dat ons slegs 'n denkbeeld vorm van die wonderlike werklikheid van die perdeblomsaad nie. Selfs 'n nederige perdeblomplant laat nie sy daaropvolgende generasies sonder 'n volledige genetiese weergawe van die inligting agter wat sy lewe beheer nie. Het u Skepper dalk 'n verslag agtergelaat van hoe u begin het? Sal dit nie interessant wees om self uit te vind nie? Begin vandag met die Bybelse boek Génesis om te leer hoe God 'n "ruimtekapsule" gevorm het – selfs meer ingewikkeld as 'n perdeblomsaad. Ons noem dit Aarde. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

Jesus Christus genees. "Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasarèner, staan op en loop" (Handelinge 3:6). Jakobus het Christene opdrag gegee om voort te gaan om daardie voorbeeld te volg. Hy het gesê: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het" (Jakobus 5:14).

In die boek Handelinge lees ons dat die dissipels die Evangelie in die Naam van Jesus Christus verkondig het (Handelinge 9:15) en in Christus se Naam gedoop het (Handelinge 8:16; 19:5).

Die Psalms is vol lofbetuigings vir die Naam van God. Ons lees byvoorbeeld " ... laat hulle die Naam van die HERE loof! Want sy Naam alleen is hoog; Sy majesteit is oor aarde en hemel" (Psalm 148:13). Daar word ook vir ons gesê: "Juig tot eer van God, o ganse aarde! Besing die eer van sy Naam, maak heerlik sy lofsang" (Psalm 66:1-2).

Die woorde wat ons gebruik *is* vir God belangrik. Ons behoort seker te maak dat ons woorde ons eer en eerbied vir Hom weerspieël. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

wanneer die verhaal volledig geskryf is (Openbaring 11:15). Die *Wêreld van Môre* is daartoe verbind om die waarheid van God, soos dit vervat is in Sy Woord, te verkondig met die verspreiding van ons tydskrifte, weeklikse TV-uitsendings, boekies, DVD's, CD's, die Bybel-studiekursus ensovoorts.

**Wat is tans besig om te verander en waarom?**

Met die begin van die COVID-19 inperkings gedurende Maart 2020 het ons verwag dat donasies sou afneem en ek het dit genoem in 'n brief aan lede van die *Lewende Kerk van God* en ons medewerkers – die borge van die *Wêreld van Môre*. Hulle het mildelik reageer volgens hulle vermoëns en ons was en is steeds baie dankbaar vir hulle lojaliteit en ondersteuning sodat almal nog steeds ons hulpbronne gratis kan ontvang.

Iets het egter gedurende die volgende twee jaar gebeur wat ons glad nie te wagte was nie. 'n Man met 'n omvangryke boedel het ons as begunstigde in sy testament benoem en ons het ook ander spesiale skenkings ontvang. Ons het onsself skielik in die beste finansiële posisie in ons geskiedenis bevind en ons wou nie op ons louere rus en niks doen terwyl die wêreld besig was om uitmekaar te val nie. Ons plan was toe om hierdie reserwes aan te wend deur die Werk uit te brei. Ons het dadelik voorkeur aan die tydskrif gegee en die aantal intekenaars het meer as verdubbel vanaf 301,000 in Januarie 2020 tot 615,000 in Januarie 2023. Teen dieselfde finansiële koste het ons in 2021 die aantal tydskrifte per jaar van ses tot tien vermeerder.

Natuurlik wil ons graag 'n groot getal *lesers* eerder as bloot 'n groot getal *intekenaars hê*. Om dus finansieel verstandig te werk te gaan, vra ons van tyd tot tyd dat 'n persoon sy gratis intekening hernu. Die rede hiervoor is dat indien ons byvoorbeeld vir drie jaar nie van iemand gehoor en geen versoek vir enige literatuur ontvang het nie, wil ons graag uitvind of daardie intekenaar nog in ons literatuur belangstel. Wanneer 'n intekenaar nie op die gratis hernuwingsaanbod reageer nie, stuur ons nie langer die tydskrif aan hulle nie. Met verloop van tyd het ons die hernuwingstydperk van drie jaar na twee jaar verminder en daarom het die aantal intekenaars die afgelope maande tot onder 600,000 gedaal. Die tydskrif sal altyd gratis beskikbaar bly vir alle intekenaars – soos Jesus beveel het: "Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee" (Matthéüs 10:8). Ons wil egter seker wees dat elke intekenaar wel die tydskrif *wil* hê.

Ons het ook verskeie personeel in televisieproduksie en redaksie aangestel wat ons nodig gehad het en ons het ons begroting verhoog vir die aankoop van uitsaaityd op televisiestasies. Ons besef egter nou dat die tyd aangebreek het om rem aan te draai met ons besteding. Drukkerskoste en posgeld het aansienlik verhoog. Selfs klein verhogings moet in berekening gebring word wanneer meer as 'n halfmiljoen tydskrifte betrokke is en vier ekstra uitgawes per jaar is geen geringe finansiële uitgawe wanneer die aantal intekenaars verdubbel nie. Dit is waarom ons nou weer die *Wêreld van Môre* slegs ses keer per jaar gaan publiseer, vanaf die September-Oktober-uitgawe.

In baie opsigte is ons slagoffers van ons eie sukses. Ons is opgewonde om te weet dat ons aantal intekenaars verdubbel het. Ons is ook gelukkig dat ons die aantal sowel as die kwaliteit van die televisiestasies wat die *Tomorrow's World-programme* uitsaai, kon verhoog. Ons is dankbaar vir die nuwe aanstellings wat bydra tot die kwaliteit en verspreiding van ons werk. Ons is ook dankbaar dat ons vir die grootste deel van twee jaar lank die groter aantal tydskrifte aan u kon stuur. Ten spyte daarvan dat ons sekere bestedings moes verminder, gaan ons steeds vooruit.

Soos die meeste van die lesers van die *Wêreld van Môre* weet, is die mensdom besig om 'n baie verkeerde koers in te slaan. Die wêreld is in geopolitieke onrus vasgevang namate ou bondgenootskappe uitmekaarval en nuwes word aangegaan. Sommige mense glo dat die eerste skote van die Derde Wêreldoorlog reeds afgevuur is. Die voorblad van ons *April-May Tomorrow's World* vra: "Has World War III Already

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

## Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:30 tot 12:00 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Begun?" Die Verenigde State en ander lande is besig om op 'n finansiële afgrond af te stuur, waarvan die gevolge verwoestend sal wees. Europa is in 'n krisis en dit is as gevolg van krisisse dat charismatiese leiers na vore kom om hulle "oplossings" voor te stel. Hulle mag aanvanklik as redders voorkom maar soos ons uit die geskiedenis geleer het, eindig hulle pogings om mag te verkry, nie altyd goed nie. Bybelprofesie openbaar dat 'n eindtydse politieke leier en 'n charismatiese godsdiensleier in die nabye toekoms, vernietiging sal bring.

Ons moet nie nalaat om die goeie nuus te verkondig wat Jesus aangaande die toekomstige Koninkryk van God gebring het nie (Lukas 4:43; Markus 16:15) en ons moet nie nalaat om die mensdom te waarsku nie: " ... die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug!" (Spreuke 24:11).



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**